basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## MUSIEK V1

## NOVEMBER 2018

**PUNTE: 120**

**TYD: 3 uur**

**SENTRUMNOMMER:**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |

**EKSAMENNOMMER:**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

**Hierdie vraestel bestaan uit 22 bladsye en 1 vel manuskrippapier.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings, naamlik AFDELING A, B, C, D en E.

2. AFDELING A en B is VERPLIGTEND.

3. AFDELING C: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM), AFDELING D: JAZZ en AFDELING E: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM) is keusevrae. Beantwoord slegs EEN van hierdie afdelings (AFDELING C óf D óf E).

4. Skryf al die musieknotasie in AFDELING A met potlood en al die geskrewe teks met blou of swart ink op hierdie vraestel.

5. Beantwoord AFDELING B en AFDELING C óf D óf E met blou of swart ink in die ANTWOORDEBOEK wat verskaf is.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Kandidate mag hierdie bladsy verwyder.

8. Kandidate mag vir die duur van hierdie eksamen NIE toegang tot enige musiekinstrument hê NIE.

9. Kandidate moet let op die puntetoekenning van elke vraag om genoeg inligting in hul antwoorde te gee.

10. Skryf netjies en leesbaar.

**NASIENROOSTER**

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | NASIENER | MODERATOR |
|---|---|---|---|---|
| A: MUSIEKTEORIE (VERPLIGTEND) | 1 | 20 | | |
| | 2 | 15 | | |
| | 3 | 10 | | |
| | 4 | 15 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **60** | | |

**EN**

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | NASIENER | MODERATOR |
|---|---|---|---|---|
| B: ALGEMENE MUSIEKKENNIS (VERPLIGTEND) | 5 | 20 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **20** | | |

**EN**

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | NASIENER | MODERATOR |
|---|---|---|---|---|
| C: WKM | 6 | 10 | | |
| | 7 | 5 | | |
| | 8 | 5 | | |
| | 9 | 5 | | |
| | 10 | 15 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **40** | | |

**OF**

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | NASIENER | MODERATOR |
|---|---|---|---|---|
| D: JAZZ | 11 | 10 | | |
| | 12 | 5 | | |
| | 13 | 5 | | |
| | 14 | 5 | | |
| | 15 | 15 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **40** | | |

**OF**

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | NASIENER | MODERATOR |
|---|---|---|---|---|
| E: IAM | 16 | 10 | | |
| | 17 | 5 | | |
| | 18 | 5 | | |
| | 19 | 5 | | |
| | 20 | 15 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **40** | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **GROOTTOTAAL** | **120** | | |

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: MUSIEKTEORIE (VERPLIGTEND) (90 minute)

**Beantwoord VRAAG 1**
**EN VRAAG 2.1 OF 2.2**
**EN VRAAG 3.1 OF 3.2**
**EN VRAAG 4.1 OF 4.2.**

Beantwoord die vrae in die spasies wat op hierdie vraestel verskaf is.

### VRAAG 1 (25 minute)

Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.



1.1 Noem die submediant-mineurtoonsoort van hierdie stuk. ____________________ (1)

1.2 Noem die verwante dominantmajeurtoonsoort van hierdie stuk.


____________________ (1)

1.3 Noem die intervalle by **(a)** en **(b)** volgens tipe en afstand.

(a) ____________________________________________________________

(b) ____________________________________________________________ (2)

1.4 Transponeer die basparty van maat 1 by **X** 'n rein 5[de] laer. Voeg die nuwe toonsoortteken by.



(3)

1.5 Beskryf die drieklanke by **(c)** en **(d)** volgens tipe en posisie.

(c) ____________________________________________________________


(d) ____________________________________________________________ (2)

1.6 Halveer die nootwaardes en herskryf die bassleutelparty by **Y** in maat 4. Voeg die nuwe tydmaatteken by.



(3)

1.7 Voltooi die melodie hieronder deur stygende sekwense te skryf soos aangedui.




(4)

1.8 Kies die toonleer/modus waarop ELK van die volgende TWEE uittreksels gebaseer is. Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

1.8.1



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Majeur-toonleer | Doriese modus | Miksolidiese modus | Blues-toonleer | Heeltoon-toonleer |

(1)


1.8.2



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| F# majeur | Doriese modus | Chromatiese toonleer | $D^b$ mineur | Heeltoon-toonleer |

(1)

1.9 Skryf die $F^{\#}$ melodiese mineurtoonleer op- en afgaande sonder 'n toonsoortteken in die gegewe sleutel. Gebruik net heelnote en dui die halftone aan.



(2)
**[20]**

**VRAAG 2** **(25 minute)**

**Beantwoord ÓF VRAAG 2.1 ÓF VRAAG 2.2.**

2.1 Voltooi die aanvangsmotief hieronder om 'n twaalfmaatmelodie in drieledige vorm vir enige enkellyn- melodiese instrument van jou keuse te vorm. Noem die instrument en verskaf 'n geskikte tempo-aanduiding. Voeg dinamiese- en artikulasie-aanduidings, waar van toepassing, in.

Instrument: ___________________________

Tempo: ___________________________




Die melodie sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

| BESKRYWING | PUNTE-TOEKENNING | KANDIDAAT SE PUNTE |
|---|---|---|
| **Vorm en kadenspunte** | 3 | |
| **Korrektheid**<br>Nootstele, polse per maat, skuiftekens (toevallige tekens), spasiëring, uitleg | 2 | |
| **Kwaliteit**<br>Toepaslikheid, musikaliteit, dinamiek, artikulasie, tempo-aanduiding | 10 | |
| **TOTAAL** | **15** | |


**[15]**

**OF**

2.2 Voltooi die aanvangsmotief hieronder om 'n twaalfmaatmelodie in drieledige vorm vir enige enkellyn- melodiese instrument van jou keuse te vorm. Noem die instrument en verskaf 'n geskikte tempo-aanduiding. Voeg dinamiese- en artikulasie-aanduidings, waar van toepassing, in.

Instrument: ____________________________

Tempo: ____________________________




Die melodie sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

| BESKRYWING | PUNTE-TOEKENNING | KANDIDAAT SE PUNTE |
|---|---|---|
| **Vorm en kadenspunte** | 3 | |
| **Korrektheid**<br>Nootstele, polse per maat, skuiftekens (toevallige tekens), spasiëring, uitleg | 2 | |
| **Kwaliteit**<br>Toepaslikheid, musikaliteit, dinamiek, artikulasie, tempo-aanduiding | 10 | |
| **TOTAAL** | **15** | |

**[15]**

BLANKO BLADSY

**VRAAG 3** **(10 minute)**

**Beantwoord ÓF VRAAG 3.1 ÓF VRAAG 3.2.**

3.1 Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae.




Toonsoort:___ ____ ____

Kadens: ________________

3.1.1 Noem die nuwe toonsoort waarheen die stuk in mate 5–8 moduleer. Skryf die antwoord op die partituur. (1)

3.1.2 Besyfer die akkoorde by **(a)**–**(e)** met Romeinse syfers op die partituur, bv. $iii^6$/iiib. (5)

3.1.3 Identifiseer die kadens by **(f)** in maat 12–13 op die partituur. Dui die toonsoort aan en besyfer die akkoorde met Romeinse syfers. (2)

3.1.4 Noem die tipe nie-akkoordnote by **(i)** en **(ii)**.

(i) ________________________________

(ii) ________________________________ (2)

**[10]**

**OF**

3.2 Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.




Kadens: ___________________________

3.2.1 Identifiseer die akkoorde **(a)**–**(e)** en skryf die akkoordsimbole in die spasies wat daarvoor op die partituur verskaf is, bv. $B^b$/D. (5)

3.2.2 Noem die tipe nie-akkoordnote by **(i)**–**(iii)**.

(i) ___________________________________

(ii) ___________________________________

(iii) ___________________________________ (3)

3.2.3 Noem die kadens wat in maat 12–13 op die partituur gevorm word. Dui die akkoordsimbole by **(f)** en **(g)** aan. (2)

**[10]**

**VRAAG 4** **(30 minute)**

**Beantwoord ÓF VRAAG 4.1 ÓF VRAAG 4.2.**

4.1 Voltooi die vierstemmige vokale harmonisering hieronder deur die alt-, tenoor- en basparty by te voeg.



Die harmonisering sal volgens die volgende kriteria nagesien word:


| BESKRYWING | PUNTE-TOEKENNING | KANDIDAAT SE PUNTE |
|---|---|---|
| **Akkoordprogressie**<br>Akkoordkeuse, korrekte kadens | 12 | |
| **Korrektheid**<br>Notasie, verdubbeling, spasiëring, stemvoering | 14 | |
| **Kwaliteit**<br>Musikaliteit, nie-akkoordnote, stylbewustheid, kreatiwiteit, bv. gebruik van kadensiële $^6/_4$ en deurgangs $^6/_4$ progressies | 4 | |
| **TOTAAL** | **30(÷ 2) = 15** | |

**[15]**

**OF**

4.2 Voltooi die stuk hieronder deur toepaslike harmoniese materiaal in die oop spasies op die notebalk by te voeg. Gaan voort in die styl wat deur die gegewe materiaal in maat 1 en 2 voorgestel word.




Die harmonisasie sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

| BESKRYWING | PUNTE-TOEKENNING | KANDIDAAT SE PUNTE |
|---|---|---|
| **Akkoordprogressie**<br>Akkoordkeuse, korrekte kadens | 12 | |
| **Korrektheid**<br>Notasie, verdubbeling, spasiëring, stemvoering | 14 | |
| **Kwaliteit**<br>Musikaliteit, nie-akkoordnote, stylbewustheid, kreatiwiteit, bv. gebruik van kadensiële $^6/_4$ en deurgangs $^6/_4$ progressies | 4 | |
| **TOTAAL** | **30(÷ 2) = 15** | |

**[15]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**

**AFDELINGS B, C, D, E: ALGEMENE MUSIEKKENNIS (90 minute)**

**Beantwoord AFDELING B**
**EN AFDELING C (Westerse Kunsmusiek)**
**OF AFDELING D (Jazz)**
**OF AFDELING E (Inheemse Afrikamusiek).**

Beantwoord hierdie vrae in die ANTWOORDEBOEK wat verskaf word.

**AFDELING B: ALGEMEEN (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 5**

5.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae/stellings gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 5.1.11 D.

5.1.1 VIER hoofelemente van musiek is …

A tegniek, ritme, tempo, melodie.
B toonkleur, ritme, harmonie, melodie.
C instrumentstemming, toonkleur, harmonie, melodie.
D baslyn, ritme, nabootsing, melodie.

5.1.2 Sinkopasie word met die element van … geassosieer.

A dinamiek
B tekstuur
C ritme
D Al die bogenoemde

5.1.3 Die element melodie word met … geassosieer.

A register
B omvang
C toonhoogte
D Al die bogenoemde

5.1.4 'n Tekstuur wat verskeie prominente melodieë het wat gelyktydig klink, is …

A monofonies.
B polifonies.
C homofonies.
D Geeneen van die bogenoemde nie

5.1.5 Die spesifieke kwaliteit van 'n musikale klank wat deur 'n bepaalde instrument gespeel word, staan as … bekend.

A tekstuur
B melodie
C toonhoogte
D timbre

5.1.6 'n Baie harde dinamiese vlak in musiek is …

A prestissimo.
B forte.
C mezzo piano.
D fortissimo.

5.1.7 Watter EEN van die volgende terme PAS NIE by die ander NIE?

A Meno mosso
B Ritardando
C Rallentando
D Morendo

5.1.8 'Intro' is 'n korter woord vir …

A instrumentasie.
B inleiding.
C introspeksie.
D intermezzo.

5.1.9 Die sing van meer as een noot op 'n sillabe van die teks word … genoem.

A a cappella
B cantabile-sang
C 'n melisma
D 'scat'-sang

5.1.10 'Swing'-ritme is 'n uitvoeringstyl waarvolgens die eerste agstenoot in 'n groep van twee agstenote …

A verkort en die tweede agstenoot verleng word.
B verleng en die tweede agstenoot verkort word.
C non-legato gespeel word.
D Geeneen van die bogenoemde nie (10 x 1) (10)

5.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (5.2.1 tot 5.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 5.2.6 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 5.2.1 | Uitvoerregte | A | betaling aan komponiste wanneer hulle musiek op enige opnametoestel gekopieer word |
| 5.2.2 | Meganiese regte | B | betaling aan komponiste wanneer hulle musiek in die publiek uitgevoer word |
| 5.2.3 | Naaldspeelregte ('Needletime rights') | C | betaling aan die eienaar vir die gebruik van werke waarvan sy/hy die kopiereg besit |
| 5.2.4 | Tantieme | D | die eienaarskap wat 'n liedjieskrywer of komponis van sy/haar musiek het |
| 5.2.5 | Kopiereg | E | betaling aan opnamekunstenaars wanneer hulle liedjies oor die radio gespeel word |

(5 x 1) (5)

5.3 Noem VYF rolspelers in die musiekbedryf wat 'n rol in die produksieproses van 'n liedjie speel. (5)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

**Beantwoord AFDELING C (WKM)**
**OF AFDELING D (JAZZ)**
**OF AFDELING E (IAM).**

## AFDELING C: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM)

### VRAAG 6

6.1 Noem TWEE transponerende blaasinstrumente wat in die standaard Klassieke orkes voorkom. (2)

6.2 Noem die houtblaasinstrument wat in die Klassieke orkes, maar nie in die Barokorkes, voorkom nie. (1)

6.3 Gee die naam en getal instrumente in die perkussie-afdeling van die standaard Klassieke orkes. (1)

6.4 Skryf DRIE verskille tussen 'n *koda* en 'n *kodetta* neer, wanneer na die sonatavorm verwys word. (3)

6.5 Gee die musikale terme of simbole vir die volgende artikulasietipes:

6.5.1 Kort, losstaande note (1)

6.5.2 'n Noot wat langer as sy volle waarde gehou word (1)

6.5.3 'n Skerp aksent op 'n spesifieke noot (1)
**[10]**

### VRAAG 7

7.1 Bestudeer die uittreksel hieronder en identifiseer die aria uit *Die Towerfluit* van Mozart.




(1)

7.2 Skryf 'n kort paragraaf oor hierdie aria. (4)
**[5]**

### VRAAG 8

Bespreek die bydrae wat die Manheimskool tot orkesmusiek gemaak het. **[5]**

**VRAAG 9**

Beethoven word dikwels as 'n oorbruggingsfiguur tussen die Klassieke en Romantiese style beskou. Beskryf die Romantiese eienskappe wat in sy *Pastorale Simfonie Nr. 6 in F Majeur* gevind word. Verwys slegs na sy gebruik van instrumentasie en dinamiek. **[5]**

**VRAAG 10**

Skryf 'n opstel oor Mendelssohn se *Hebrides Ouverture.*

Jy sal krediet ontvang vir die logiese uiteensetting van feite en die struktuur van jou opstel.

Die opstel sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

| KRITERIA | PUNTETOEKENNING |
|---|---|
| Oorsprong | 3 |
| Vorm | 3 |
| Instrumentasie/Orkestrasie | 3 |
| Styl | 3 |
| Logiese aanbieding en struktuur van die opstel | 3 |
| **TOTAAL** | **15** |

**[15]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**OF**

## AFDELING D: JAZZ

### VRAAG 11

11.1 Noem EEN transponerende instrument wat in 'n 'big band' voorkom. (1)

11.2 Watter TWEE instrumente word algemeen in 'n agtergrondorkes ('backing band') in mbaqanga gebruik? (2)

11.3 Beskryf TWEE verskille tussen *populêre liedvorm* en *bluesvorm*. (4)

11.4 Gee die musiekterme vir die volgende beskrywings:

11.4.1 Musiek wat in die uitvoeringsoomblik, sonder geskrewe partituur, ontstaan (1)

11.4.2 Spontane begeleiding op die klavier of kitaar gespeel (1)

11.4.3 Vervang 'n akkoord of herharmonisasie (1)
**[10]**

### VRAAG 12

Beskryf *malombo-musiek* en noem 'n kunstenaar/orkes wat daarmee geassosieer word. **[5]**

### VRAAG 13

Skryf 'n paragraaf waarin jy die gebruik van instrumente in ÓF marabi- ÓF kwêla-musiek bespreek. **[5]**

### VRAAG 14

Beskryf tipiese eienskappe van die melodie in die musiek van EEN van die volgende kunstenaars en gee EEN voorbeeld van 'n relevante werk:

- Abdullah Ibrahim
- Robbie Jansen
- Winston Mankunku Ngozi **[5]**

### VRAAG 15

Bespreek *mbaqanga-musiek*. Verwys na redes waarom dit populêr geword het. Lewer kommentaar op styleienskappe en gee voorbeelde van kunstenaars wat met hierdie styl geassosieer word.

Jy sal krediet ontvang vir die logiese uiteensetting van feite en die struktuur van jou opstel.

Die opstel sal volgens die volgende kriteria nagesien word.

| KRITERIA | PUNTETOEKENNING |
|---|---|
| Redes vir populariteit | 3 |
| Styleienskappe | 7 |
| Kunstenaars | 2 |
| Logiese aanbieding en struktuur van die opstel | 3 |
| **TOTAAL** | **15** |

**[15]**

**TOTAAL ADELING D: 40**

**OF**

## AFDELING E: INHEEMSE AFRIKAMUSIEK (IAM)

### VRAAG 16

16.1 Noem TWEE instrumente wat in tshikona gebruik word. (2)

16.2 Watter houtblaasinstrument word in 'n malombo-orkes gebruik? (1)

16.3 Noem EEN instrument wat algemeen in die agtergrondorkes by mbaqanga gebruik word. (1)

16.4 Beskryf DRIE verskille tussen *indlamu-dans* en *mokhibo-dans*. (3)

16.5 Gee die musiekterm vir die beskrywings hieronder:

16.5.1 'n Lang, trillende, skril, hoë vokale klank (1)

16.5.2 'n Kort, gesproke gedeelte deur 'n Zulu-lofsanger voorgedra (1)

16.5.3 Die musiekinstrumentklassifikasie vir 'n uhadi (1)
**[10]**

### VRAAG 17

Kiba is 'n inheemse musiektradisie van die baPedi-bevolking. Hoe het kunstenaars, soos Sello Galane, die tradisionele kiba in die moderne styl, bekend as vrye kiba, omskep? **[5]**

### VRAAG 18

Hoe het Phillip Tabane malombo-musiek populêr gemaak? **[5]**

### VRAAG 19

Bespreek die rol van musiek en beweging in Afrika-geestelikheid. **[5]**

### VRAAG 20

Bespreek *maskanda-musiek*. Verwys na die rol van die kitaar, die sangstyl en izihlabo.

Jy sal krediet ontvang vir die logiese uiteensetting van feite en die struktuur van jou opstel.

Die opstel sal volgens die volgende kriteria nagesien word.

| KRITERIA | PUNTETOEKENNING |
|---|---|
| Speeltegnieke op die kitaar | 3 |
| Stemming van die kitaar | 2 |
| Sangstyl | 5 |
| Izihlabo | 2 |
| Logiese uiteensetting en struktuur van die opstel | 3 |
| **TOTAAL** | **15** |

**[15]**

**TOTAAL ADELING E: 40**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou

Kopiereg voorbehou